

Die verhouding tussen skuld en groei

Wêreldwye ekonomiese nuus: November 2010

Deur Kevin Lings en Laura Jones STANLIB ekonome

Die onvoorsiene groei in krediet oor die laaste tien jaar het aan die wêreld 'n ernstige skuldprobleem besorg, hoewel dit ook presies hierdie skuld is wat ekonomiese groei aanvuur.

Voor die onlangse wêreldwye finansiële krisis, het die wêrelddekkende jaarliks 'n geraamde 150 miljoen nuwe kredietverbruikers bygekry. Kredietgemeenskappe het binne die groter wêreldkonteks 'n groeiende uitdaging begin raak. Verbruikerskuld vanweë die gebruik van kredietkaarte en huurkooptransaksies het gelei tot pligsversuim en wanbetaling in sowel ontwikkelde as opkomende ekonomieë.

Skuldvermindering bring minder besteding mee


In die laaste deel van 2009 het verbruikers begin om hul skuldvlakke te verminder en na verwagting sal verdere skuldvermindering volg, wat die verbruiker se bestedingsvermoë sal inkort. Met huishoudings wat 'n daling in welvaart beleef, lyk dit onwaarskynlik dat daar binnekort 'n toename in verbruikersbesteding sal wees.

Skuld dryf ekonomiese uitbreiding

Terwyl sommige kenners van mening is dat skuld wat vir enige ander rede aangegaan word as vir beleggings, nadelig is vir die ekonomie, verkondig ander dat skuld tog bevorderlik is vir die ekonomie. Hul argument is dat verbruikerskuld 'n manier is om binnelandse produksie te stimuleer want, as krediet maklik beskikbaar is, behoort die groter vraag na verbruiksgoedere 'n toename in die algehele binnelandse produksie teweeg te bring en dit sal weer help om ekonomiese groei te stimuleer.

Interessant genoeg is dit die meer ontwikkelde ekonomieë wat dit blykbaar moeilik vind om die slagkat van skuld te vermy.

Huishoudelike skuld as 'n persentasie van besteebare inkomste



Bron: OECD en SA Reserwebank

Hoe vaar Suid-Afrika

In teenstelling het Suid-Afrika se huishoudelike skuld aan die einde van 2009 op 'n totaal van R1 185 miljard gestaan en was die meeste van die skuld in die vorm van verbande (R753 miljard). Die oorblywende skuld was vir items soos motorfinansiering, oortrokke rekeninge, persoonlike lenings, studenteleninge, kredietkaarte, ens.

In ooreenstemming daarmee was huishoudings se netto rykdom (bates min laste) teen die einde van 2009 R5 221 miljard. As duursame verbruiksgoedere ingesluit word, styg huishoudelike rykdom / welvaart tot R5 618 miljard. Dit is interessant dat die netto waarde (waarde minus skuld) van residensiële eiendom op 'n gesonde R840 miljoen staan.

Is die netto rykdom goed of sleg? Eerstens, Suid-Afrika se netto huishoudelike rykdom is aan die styg en het oor die afgelope jaar aansienlik toegeneem, met die hulp van 'n styging in sowel finansiële batewaardes (aandele op die aandelemarkt) as huispryse. Dit is opmerklik dat daar 'n positiewe verhouding is tussen die toename in huishoudelike rykdom en 'n toename in verbruikersaktiwiteit. Tweedens, gebruik 'n mens die internasionale konvensie om netto rykdom met inkomste te vergelyk, is Suid-Afrika se netto rykdom 366% van besteebare inkomste. Dit is heelwat hoër as die onlangse laagtepunt van 316% in die eerste kwartaal van 2009 en selfs hoër as Suid-Afrika se langtermyn gemiddeld van 337%. In 'n onregverdigte vergelyking met die VSA, blyk hul rykdom op die oomblik die ekwivalent te wees van 472% van besteebare inkomste (hoewel dit in die verlede hoër as 600% gestyg het toe hulle die 'Hi-Tech'-"bubble" en, meer onlangs, die residensiële eiendoms-"bubble" geskep het). In die algemeen kan Suid-Afrika se rykdom as redelik beskou word binne die konteks van opkomende markte.

Spaarders sal vinniger herstel

Die ekonomiese krisis het wanbalanse in die wêreld se ekonomie blootgelê. Toe die oordrewe waardes van eiendomsgebaseerde bates 'n toppunt bereik en toe getuimel het, het finansiële instellings wêreldwyd groot verliese gely en is skuldbelaaide verbruikers gedwing om van skuld ontslae te raak. Laasgenoemde het meer begin spaar, skulde vereffen en onnodige besteding gestaak.

Lande wat groot bedrae geleen het om oordadige verbruikersbesteding te finansier kon dus verwag om 'n stadiger groei in verbruikersbesteding te ervaar namate huishoudings gesukkel het om skuld terug te betaal, hul balansstate te herstel en welvaart te bou vir toekomstige aftrede en ander behoeftes.

Die uitwerking op China

Die ekonomiese groei van lande met 'n oormatige skuld las sal waarskynlik deur uitvoere, sakebeleggings en staatsbesteding eerder as verbruikersbesteding aangedryf word. Intussen sal die lande wie se groei vantevore aangedryf is deur uitvoere na lener-lande nie meer op sulke markte kan reken nie. Verbruikers sal nie meer, soos in die verlede, China se uitvoersector in stand kan hou nie. Gevolglik sal lande soos China die klem moet verskuif van uitvoergerigte groei na groei wat deur verbruikersbesteding aangedryf word.

Vir daardie wêreldondernemings wat goedere en dienste aan verbruikers verkoop (soos dié in die kleinhandel, verbruikersgoedere, die gasvryheidsbedryf en selfs kleinhandel finansiële dienste) sal die volgende dekade 'n heel ander sake-omgewing behels as dié van die vorige dekade. Buiten dat die groei in verbruikersbesteding 'n geografiese verskuiwing sal ondergaan, sal die aard daarvan ook verander.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklus, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.